**Saterdag 12 Maart**

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-17**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:1 (NAV)**

## Ons enigste troos: Ons een-wees met Christus

Soos die Kolossense destyds, word ons ook vandag deur 'n stortvloed wêreldse intimidasie geteister. Dit wil ons doodwurg. Politieke, ekonomiese, maatskaplike kwessies versomber ons lewens.

Terloops, was dit ooit anders? Paulus skryf vir die erg deur-die-wêreld-geïntimideerde Kolossense dat hulle nie deur enigiets geïntimideer moes word nie. In plaas daarvan moes hulle hemel-gerig lewe; kop optel en bo-oor al die gewoel fokus. Immers, sedert hulle tot geloof gekom het, verkeer hulle op 'n ander vlak. Danksy Christus se verlossing is hulle nou op die hemelse dimensie ingeskakel.

Hulle is werklik een met Christus. Hulle het met Hom gesterwe, so staan dit in Romeine 7. En hier staan dat hulle met Hom uit die dood opgewek is. Let op Paulus se klem deur die herhaling van "met Christus" in verse 1-4. Ja, hulle is één met Christus – en dit het betekenis vir elke dag.

Daarom, in plaas van geïntimideer word deur al die verskriklike dinge hier op aarde en in jou eie persoonlike lewe … in plaas van om dáárop te fokus, strewe eerder na die dinge daarbo, waar Christus is.

Hoe? Deur met God se Woord en uit sy Woord te leef. Dan laat sy Gees lieflike vrugte in jou groei en ryp word: al groter teerheid en goedheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid, geduld, wysheid, vergewensgesindheid. En die meeste van alles, liefde. Só alleen word ons bekwaam om in hierdie intimiderende wêreld God se roeping vir ons uit te leef.

*Sing: Psalm 42:1, 3, 4, 5*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*